Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MEI 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

2021/22-KONSEPBEGROTING EN HERSIENE GOP AAN RAAD VOORGELÊ

Na aanleiding van 'n vergadering van die Overstrand Munisipale Adviesforum (OMAF) wat op 10 Maart 2021 gehou is om die voorlopige konsepbegroting vir 2021/22 en die vierde en finale hersiening van die huidige vyfjaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan te bespreek, het beide dokumente aan die einde van Maart voor die Raad gedien.

Ten tyde van die voorlegging van die konsepbegroting het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, verwys na die katastrofiese impak wat Covid-19 en die inperking op almal gehad het. "Die nasionale inperking wat in Maart 2020 afgekondig is, het 'n geweldige en onmiddellike impak op die ekonomie en alle bedrywighede in die private en openbare sektor, met inbegrip van munisipaliteite se finansies, gehad en na verwagting sal toestande vir die afsienbare toekoms onbestendig bly," het hy gesê.

Voorts dui projeksies daarop dat die inflasiekoers 4% in 2021 gaan bereik en tot 4,5% in die volgende boekjaar sal styg.

Wat hierdie duistere prentjie verder vererger is die feit dat elektrisiteitsvoorsiening steeds ekonomiese herstel gaan strem aangesien kragonderbrekings na verwagting tot in 2022 sal voortduur.

Hierbenewens het die Nasionale Energiereguleerder (NERSA) aangetoon dat die koste van elektrisiteit wat deur Eskom aan munisipaliteite gelewer word met 15,6% gaan styg. (Laasgenoemde sal aangepas word na gelang van die finale besluit oor tariefverhogings wat deur NERSA bekendgemaak sal word.)

Teen die agtergrond van onlangse aankondigings rakende hernieubare energie het die Burgemeester bygevoeg dat Overstrand "tans in gesprek is met 'n paar onafhanklike verskaffers van hernieubare energie wat oor die vermoë beskik om hul eie elektrisiteit op te wek om te kyk of ons elektrisiteit by hulle kan koop sodat ons minder afhanklik van Eskom sal wees".

Elektrisiteitstariewe uitgesonder, het Coetzee daarop gewys dat die nasionale tesourie munisipaliteite aangemoedig het om tariefverhogings op vlakke te handhaaf wat 'n gepaste balans tussen bekostigbaarheid vir verbruikers, veral armer huishoudings, en die handhawing van munisipaliteite se finansiële volhoubaarheid sal bewerkstellig.

"Gegewe hierdie agtergrond was die riglyn aan die administrasie om tariefverhogings vir daardie dienste waaroor ons beheer kan uitoefen, te beperk tot 4% in die 2021/22-konsepbegroting."

Die voorstel is dus dat tariewe vir vullisverwydering, rioleringsdienste en water sowel as die meeste diverse dienste met 4% verhoog word om die koste van daardie dienste te dek.

Voorts is die voorstel dat eiendomsbelasting oorhoofs met 4% verhoog word. Die korting op eiendomsbelasting waarvoor mense bó 60 kan kwalifiseer, sal onveranderd bly.

Salarisse

Die voorgestelde verhoging van die salarisbegroting beloop 4,5%, en daar is ook vir kerfverhogings (gemiddeld 1,9%) begroot.

Met verwysing na salarisverhogings het die Burgemeester gesê dat Overstrand "gelet het op die feit dat die minister van finansies aangekondig het dat staatsamptenare slegs kerfaanpassings vir die volgende drie jaar moet ontvang" maar het tegelyk gewaarsku dat daar steeds op die vlak van die Nasionale Bedingingsraad tussen die werkgewerorganisasie (SALGA) en die onderskeie vakbonde onderhandel moet word. In die interim sal alle personeelvakatures gevries bly en kan hulle slegs gevul word indien 'n motivering aan senior bestuur voorgelê word.

Tans stel die konsepbegroting 'n nadelige saldo van R113m in die vooruitsig. "As ons daarin slaag om salarisverhogings tot kerfaanpassings te beperk, kan ons hierdie tekort met R19,4m verminder," het die Burgemeester ter afsluiting gesê.

Die konsepbegroting en hersiene GOP kan albei via Overstrand se amptelike webwerf www.overstrand@gov.za afgelaai word en sal tot 30 April 2021 ter insae lê by alle openbare biblioteke en munisipale kantore.

Na verwagting sal openbare kommentaar en die munisipaliteit se antwoorde daarop op 26 Mei 2021 voor die Raad dien.

INHEEMSE AANPLANTINGS TER WILLE VAN DIE TOEKOMS

Volgens gebruik word Boomplantmaand oral in die wêreld elke jaar in die eerste week van September gevier. Alhoewel Munisipaliteit Overstrand hierdie geleentheid ten volle ondersteun, is dit van mening dat bome in hierdie uithoekie van die wêreld eerder ten tyde van die koeler herfs aangeplant moet word sodat die boompies by die winterreënvalseisoen kan baat en 'n beter kans het om te vestig voordat die droër somermaande aanbreek.

Volgens Munisipaliteit Overstrand se tuinboukundige, Lauren Rainbird, is daar 'n goeie kans dat die volgende lysie inheemse bome die strawwe toestande langs ons kus kan oorleef en kan vestig:

Munisipaliteit Overstrand se tuinboukundige, Lauren Rainbird, was ook daar om handjie by te sit.

- Curtisia dentata (assegaai)
- Cunonia capensis (rooi els)
- Harpephyllum caffrum (suurpruim)
- Kiggelaria africana (wilde perske)
- Nuxia floribunda (bosvlier)
- Olea europaea subsp. africana (olienhout)
- Rhus lancea (swartkaree)
- Rhus pendulina (witkaree)
- Sideroxylon inerme (melkhout)
- Syzygium guineense (waterpeer)
- Tarchonanthus littoralis (kuswildekanferbos)
- Trichelia emetica (rooi essenhout)

Wyk 9-raadslid Grant Cohen, Dudley de Bruyn en Dencil Arendse (terloops deesdae bekend as die komposman) en UOWP-werkers Gerald Doty, Thandolwethu Marobobo, Lindikhaya Martin en Herman Philander het almal moue opgerol om bome by die Palmietbegraafplaas te help plant.

Met hierdie lysie voor oë, en danksy 'n ruim skenking van die departement van omgewingsake, bosbou en visserye, is nagenoeg vyftig boompies onlangs in die omstreke van die Palmietbegraafplaas geplant met die oog daarop om 'n gevoel van rus en stilte te skep.

Wyk 9 se raadslid, Grant Cohen, het namens Munisipaliteit Overstrand en die onderskeie gemeenskappe onderneem om te sorg dat die bome versorg sal word want, om hom regstreeks aan te haal, "elke boom wat ons plant, vergestalt positiewe denke en hoop – selfs al sou ons more nie meer daar wees nie, sal ons bome steeds hier wees."

BETTYSBAAI SE BOBBEJANE



Met die ter perse gaan van hierdie artikel, is die bobbejaanbestuursprogram vir Bettysbaainog nie gefinaliseer nie. 'n Proeftydperk sal geïmplementeer word sodra gesprekke met die diensverskaffer afgehandel is.

Daar word voorsien dat verskillende tegnieke om bobbejane te bestuur gedurende hierdie tydperk van drie tot vier weke geëvalueer sal word. Hierdie tegnieke wissel van die oppasserbenadering tot meer dominerende tegnieke soos die gebruik van verfbalmerkers, geraasmakers en die virtuele heining, of 'n kombinasie daarvan.

Deur 'n aanpasbare bestuursbenadering te volg, het Munisipaliteit Overstrand ten doel om 'n gebalanseerde implementeringsplan te ontwikkel wat aan sy mandaat sal voldoen, naamlik om die volhoubare bestuur van bobbejaantroppe te verseker deur hulle van stedelike gebiede weg te keer.

"Om hierdie balans te vind, moet ons in gesprek tree met die gemeenskap 'aan beide kante van die draad', maar ons moet ook die 'beloning' voor oë hou, en dit is die beskerming van ons natuurlewe," het Liezl de Villiers, senior omgewingsbestuurder gesê.

Sodra die proeftydperk sy gang gegaan het, sal 'n bobbejaanbestuursprogram aan die Westelike Bobbejaanskakelgroep voorgelê word.

In die interim is dit noodsaaklik dat alle lede van die gemeenskap saamwerk om bobbejane nie aan gevaar bloot te stel nie deur te sorg dat hul erwe en huise vry van sekere lokmiddels is.

Allerbelangrik, moet NOOIT bobbejane voer nie. Hulle sal keer op keer terugkeer na jou eiendom!

Tweedens, inwoners in areas wat deur bobbejane geaffekteer word, moet

- Eerder nie vrugtebome plant nie: As jy wel vrugtebome in jou tuin het, maak seker dat jy alle sigbare vrugte pluk aangesien hierdie beslis 'n lokmiddel vir bobbejane is.
- Roei indringerboomspesies soos Nieu-Seelandse kersiebome en waterbessies in jou tuin uit: As hierdie spesies in jou tuin voorkom en jy hulle nie kan uitroei nie, moet jy hulle beslis snoei om te verhoed dat hulle blom en vrugte dra.
- Kamp groentetuine en komposhope af of omring hulle met 'n elektriese heining.
- Moenie voëls of ander kleinwild voer nie.
- Bring waar moontlik bobbejaanbestande diefwering aan: As dit nie moontlik is nie, sorg dat alle vensters en deure gedurende die dag toe bly.

En dan is daar die kwessie rondom vullisdromme en bobbejane...

- Slegs bobbejaanbestande vullisdromme mag in bobbejaangeaffekteerde areas gebruik word: Wees gewaarsku, 'n vullissak wat op die sypaadjie laat lê word, kan 'n erge boete tot gevolg hê.

Om te verseker dat jou vullisdrom regtig bobbejaanbestand is, pas hierdie handige wenke toe:

- ☞ Sit jou drom bó die grond teen 'n muur vas of slaan 'n paal in die grond en maak jou drom aan die paal vas: Bobbejane sukkel om dromme wat regop staan, oop te maak omdat hul eie gewig die deksel toe hou.
- ☞ Gespe jou drom se deksel met 'n band, tou of ketting toe.
- ☞ Hou jou drom gesluit op verwyderingsdag.
- ☞ Wanneer nie in gebruik nie, stoor jou drom in 'n vulliskamer, motorhuis of skuur wat gesluit kan word.

MOET NOOIT DIE PLUNDERAARS KONFRONTEER NIE

Waarsku gerus jou bure wanneer bobbejane in die omstreke is sodat hulle hul deure en vensters kan toemaak, maar moenie die diere konfronteer nie.

- Wanneer 'n bobbejaan in jou tuin of huis is, staan stil en bly kalm.
- Tree stadig terug en moenie die dier se ontsnaproete blokkeer nie.
- Moenie probeer om iets by 'n bobbejaan af te neem nie – dit kan tot aggressie aanleiding gee.
- Moet nooit klein of opgeskote bobbejaantjies dreig nie: Sulke gedrag sal waarskynlik 'n beskermingsdrang in volwasse bobbejane, veral die alfamannetjie, ontketen wat katastrofiese gevolge kan hê.

DIENSTE BY GANSBAAIKLINIEK HERVAT IN OPGEGRADEERDE VLEUEL

Noudat fase 1 van die aanbouings aan en algemene opgradering van die Gansbaaikliniek afgehandel is, sal alle primêre gesondheidsorgdienste vanaf hierdie nuwe vleuel vervat word tot tyd en wyl fase 2 afgehandel is.

Hierdie nuwe vleuel is verbind met die bestaande fasiliteit en omvat die toevoeging van 'n noodbehandelingseenheid, staanplekke vir ambulanse, 'n eenheid vir aansteeklike siektes, en fasiliteite om met mediese afvalprodukte weg te doen.

Toegang tot die kliniek kan op die hoek van Hoof- en Kapokblomstraat verkry word en die kliniek kan by 028 384 1917 gekontak word om 'n afspraak te maak.

AANVULLENDE WAARDASIELYS LÊ TANS TER INSAE

Die eerste aanvullende waardasielys vir die boekjaar 2020/21 sal tot 6 Mei 2021 ter insae lê.

Inwoners kan enige besware ten opsigte van enige aangeleentheid wat in hierdie lys weerspieël word of daaruit weggelaat is, aanhangig maak maar word vriendelik versoek om sodanige besware spesifiek tot 'n individuele eiendom aanhangig te maak en dit nie op die aanvullende waardasielys as sodanig te rig nie.

As jy 'n beswaar wil aanteken, laai die amptelike vorm via die amptelike munisipale webwerf www.overstrand.gov.za af: Klik op Documents> Strategic Documents> Property Valuations.

Die vorm kan ook by jou naaste munisipale kantoor afgehaal word:

- Hangklip-Kleinmond: Hoofweg 33, Kleinmond
- Hermanus: Magnoliastraat 1, Hermanus
- Stanford: Koningin Victoriastraat 15, Stanford
- Gansbaai: Hoofweg, Gansbaai

Voltooide vorms moet teen nie later nie as 6 Mei 2021 gerig word aan enquiries@overstrand.gov.za. Navrae kan gerig word aan Johette Basson by 028 313 8000.

SAAM KAN ONS *VEILIGER WOONBUURTE* BEWERKSTELLIG

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners, sake-eienaars en besoekers om ten alle tye waaksaam te wees. Aangesien diewe, rowers en bedrieërs lê en loer vir maklike teikens, moet veral ouer lede van ons gemeenskap ekstra aandag aan hul veiligheid skenk.

Ter wille van persoonlike veiligheid en ter beveiliging van eiendom en waardevolle items, hou asseblief hierdie moets en moenies voor oë:

- Maak seker dat jy saans die motorhuis se deur en alle buitedeure sluit.
- Sorg dat jou eiendom behoorlik verlig is en installeer 'n alarmstelsel indien moontlik.
- Maak seker dat jou motor gesluit is.
- Maak die vensters toe en stel die alarm voordat jy die huis verlaat.
- Selfs terwyl jy tuis is, moet nooit selfone en skootrekenaars oop en bloot naby 'n oop deur of venster laat lê nie.
- Stoor fietse, branderplanke en duikpakke veilig binnenshuis.
- Om te verhoed dat jy die slagoffer van 'n grypdief word, moenie items soos beursies, selfone en ander waardevolle items goedsmoeds op die sitplek laat lê terwyl jy bestuur nie. Die beste raad is om jou waardevolle items in jou motor se bagasiebak weg te sluit.
- Wanneer jy uitstedig gaan wees, stel jou bure in kennis sodat hulle bedag kan wees op enige verdagte aktiwiteite op jou perseel.
- Wees bedag op wat rondom jou gebeur in besige winkels en inkopiesentrums.
- Sorg dat handsakke ten alle tye toe en beveilig is. Moenie sulke artikels van die leuning van 'n stoel of die raam van 'n stootwaentjie laat hang nie.
- Hou in gedagte dat wanneer jy 'n selfoon gebruik, hetsy om 'n oproep te maak of te teks, jy nie ten volle bewus is van jou omgewing nie. Dieselfde geld wanneer jy 'n kappietoppie dra of met oorfone na musiek luister.
- Moenie jou selfoon in jou agtersak dra nie: Hoe moeiliker bereikbaar, hoe moeiliker om te steel.
- Hou jou waardevolle items buite sig, insluitend jou selfoon, kamera en juwele: Onthou, wat grypende handjies nie kan sien nie, sal hulle ook nie wil steel nie.

Sorg dat jy die volgende nommers byderhand het sodat jy dadelik hulp in geval van nood kan ontbied

- OVERSTRAND-WETSTOEPASSING: 028 313 8990 / 028 313 8111
- OVERSTRAND-VEILIGHEID-EN-SEKURITEIT: 028 313 8996
- HERMANUS PUBLIC PROTECTION: 028 312 1674
- HERMANUS SAPD: 028 313 5300
- KLEINMOND SAPD: 028 271 8200
- GANSBAAI SAPD: 028 384 0201
- STANFORD SAPD: 028 341 0601